SA Media - The University of the Orange Free State
Page: 1
Source: RAPPORT
Date: 11-Mar-2001
Topic: 08
Ref No: 4275
1
ID: 02658837-01
Source Page: 1

# Regering sal Sasria behou, herstruktureer

**JOHAN BOOYENS**

Sasria, die versekeraar teen politieke onluste en ander spesiale risiko's, word voorlopig deur die regering behou en geherstruktureer sodat sy kapitaalbasis tot R1,5 miljard verbreed word.

Me. Maria Ramos, direkteur-generaal van die tesourie, het Vrydag in Johannesburg gesê die herstrukturering bring mee dat Sasria binne 'n paar dae 'n dividend van R3,2 miljard aan die regering sal oorbetaal, wat aangewend sal word om buitelandse skuld te delg.

Die bedrag sal saam met die gedeeltelike verkoop van M-Cell en die notering van Telkom sorg dat die regering in die huidige boekjaar sy begrote R18 miljard uit privatisering kry.

Standard & Poor's, 'n voorste internasionale graderingagentskap, sê die feit dat die regering Sasria voorlopig behou, sal nie sy kredietwaardigheid skend nie, omdat daar min kopersbelangstelling in die private sektor is. Suid-Afrika se internasionale gradering is tans BBB- terwyl sy plaaslike gradering A- is.

Die agentskap verwag dat privatisering van staatsbates mettertyd sal versnel en help om staatskuld te laat krimp.

"Die skuldvermindering skep ruimte vir 'n groeibeleid, terwyl reële bruto binnelandse produk teen tussen 3% en 4% per jaar kan groei, vergeleke met net sowat 1,3% per jaar in die vorige dekade," sê die agentskap.

**Simba Makunike** van City Press berig dat mnr. Cyril Ramaphosa, voorsitter van Sasria, in sy skik is met die regering se besluit.

"Dit is die beste besluit vir die versekeringsmaatskappy in sy geheel. Dit is duidelik dat die bedryf nog nie gereed is vir die privatisering van Sasria nie. Maar ons is tevrede en ons kapitaalbehoeftes is bevredig," het Ramaphosa gesê.

Makunike berig verder dat mnr. Barry Scott, uitvoerende hoof van die Suid-Afrikaanse Korttermynversekeringsvereniging, Saia, ook die besluit oor Sasria verwelkom het.

"Ons glo dit is in Suid-Afrika se belang en sal buitelandse beleggers die gemoedsrus verskaf dat spesiale dekking beskikbaar is. Ons wil so gou moontlik verdere gesprekke met die regering voer om 'n tydige oplossing vir die privatisering van Sasria te kry."

**jbooyens@rapport.co.za**